

VAK EN GRAAD	Afrikaans Huistaal Graad 11
	OPDRAG: 1. GAAN DIE ONDERSTAANDE TEORIE DEUR. 2. DOEN DIE AKTIWITEIT AAN DIE EINDE OP BL. 5 IN JOU SKRYFBOEK
ONDERWERP	Taalstrukture: Die voornaamwoord (vnw.)
DOEL VAN LES	Onderrig en vaslegging van voornaamwoorde
BRONNE	<i>Papierbron</i> Meer inligting oor voornaamwoorde is beskikbaar in: Platinum gr. 11 Groen afgerolde boek Taalafdeling
INLEIDING	1. Woordsoortgroepe het sekere eienskappe. Dit is belangrik dat jy die woordsoorte in die eksamen vraestel moet kan identifiseer. Daarom help die eienskappe van die voornaamwoord jou om hierdie woordsoort te identifiseer. Om woordsoorte goed te verstaan, sal jou ook help om later sinsontleding te kan doen. <u>Die voornaamwoord se eienskappe is:</u> o Dit kan staan in die plek/vervang 'n eienaam of 'n soortnaam. BV. <i>"Piet, waar is Piet se boek? Juffrou, Piet het Piet se boek vir Andre geleen, want Andre weet nie waar Andre se boek is nie en het Piet se boek nodig om die werk wat in Piet se boek is, te leer.</i> "Piet, waar is jou boek? Juffrou, ek het my boek vir Andre geleen, want Andre weet nie waar syne is nie en ek weet hy het dit nodig om daaruit te leer." o Dit kan saam met 'n soortnaam optree en vervang dan die lidwoord (my boek/haar boek)

INHOUD
(KONSEPTE
EN
VAARDIGHED
E)

By die voornaamwoord moet jy die volgende **soorte** ken:
['n Maklike **onthourympie** om al die soorte te leer, is die sin: **B P Bou Alle Onderdele Oorsee Waar Werkers Vinnig** (is) – die vetgedrukte letters staan vir die soorte vnw.e.]

- **Besitlike vnw.:** Dui **besitting aan** en daarom tree dit saam met die soortnaam op en vervang die lidwoord: **my** boek/**haar** selfoon/**hulle** ouers/**ons** juffrou/ **julle** rugbyspan
Let Wel: **myne; hare; syne** staan alleen, want dit dui klaar 'n besitting aan.
- **Persoonlike vnw.** staan in die plek/vervang 'n eienaam of 'n soortnaam: ek; hy; sy; ons; julle; hulle, dit.
Let op die verskil tussen Persoonlike en Besitlike vnw.e. (By die Persoonlike vnw. is daar nie 'n soortnaam direk langs die vnw. nie, dit **vervang** die soortnaam.)
- **Betreklike vnw. (w-woord)** Tree op as 'n verbindingswoord – **betrek** twee "goed" in 'n sin. (Sal help om sinsleer ook te verstaan) **Let Wel:** Die betreklike vnw. vir **mense** verskil van die betreklike vnw. vir **dinge/diere:**

Mense	Eienskap van betreklike vnw.
wat – Die man wat daar loop is my pa. Die meisie wat ek wil leer ken, is altyd beleefd.	✓ Is w-woorde ✓ verbind/betrek twee goed in 'n sin (man en my pa)
wie se – Die meisie wie se ma oorlede is, is my maatjie voorsetsel + wie – Die outjie op wie ek verlief is; Die meisie met wie ek praat, is my niggie.	✓ Is w-woorde ✓ verbind/betrek twee goed in 'n sin (meisie en my maatjie) ✓ Moet wie se of voorsetsel + wie wees
NB! Wie word slegs alleen gebruik as dit in die begin van 'n sin staan of gebruik word as 'n vraag. Wie loop daar? (Vraende vnw.) Wie dit sê, is onbekend.	✓ Wie mag nooit alleen gebruik word nie, behalwe wanneer 'n vraag (?)gevra word . ✓ Daarom word wat die meeste kere ook vir mense gebruik.
Dinge/Diere wat – Die koeie wat vet is, lewer baie melk	✓ Is w-woorde verbind/betrek twee goed in 'n sin (koeie en melk)

	waar + voorsetel Die paadjie waarin ons loop is vol dorings. Die potlood waarmee ek skryf, is stomp Die stoel waarop ek sit, is lendelam. Die horlosie waarvan jy my vertel het, is vrek duur. Die koppie waaruit ek drink, is erg groot. Die kombers waaronder ek lê, is heerlik sag. Die muur waarteen hy sy kop gestamp het, is kliphard. Die heining waaroor hy gespring het, is baie hoog. Die boom waaragter hy skuil, het dorings.	✓ Is w-woorde ✓ verbind/betrek twee goed in 'n sin (paadjie en dorings, potlood en stomp, stoel en lendelam, ensovoorts.)	
	• Aanwysende vnw. Hulle verwys na iets of iemand: Hierdie motor sal ek nooit koop nie. Daardie kêrel soek regtig moeilikheid! Sulke dinge kan ek nie duld nie. Dié storie is die interessantste wat ek nog gehoor het. Dit het ek al gehoor! (Die vetgedrukte woorde in die laaste twee sinne moet 'n akuut op hê om 'n vnw. te wees) • Onbepaalde vnw.: Onseker/ kan nie bepaal/presies sê van wie/ wat daar gepraat word nie: Niemand het opgedaag nie. 'n Mens kan nie net doen waarvoor jy lus is nie. Sommige (almal, party) hou van roomys. Daar is iets wat my pla. Weet iemand miskien wat gebeur het? • Onpersoonlike vnw: Dit (+ natuurverskynsel) Dit reën, hael sneeu, kapok, blits, donder, ens.		

	• Wederkerende vnw: Onderwerp en voorwerp is dieselfde persoon in die enkelvoud: Ek was my. (Keer terug na dieselfde persoon) Sy skaam haar Hy misgis hom • Wederkerige vnw: (Onderwerp en voorwerp is dieselfde persoon in die meervoud): Ons hou van mekaar Hulle het die een die ander gehelp. Die paartjie gee mekaar die regterhand. • Vraende vnw: w-woord +? Wanneer kom jy speel? Waar loop jy rond? Waarin het jy die koekies gebêre? Wie loop daar? 2 Vrae oor die voornaamwoord kan in 'n eksamen op die volgende maniere gestel word: • Benoem die woordsoort / Benoem die voornaamwoord volledig. • Gee die korrekte vorm van die voornaamwoord in die sin... • Vervang die onderstreepte woorde met 'n enkele voornaamwoord wat in die sin pas. • Haal 'n besitlike vnw. uit die onderstaande sin. • In die strokie is 'n opsetlike fout met 'n betreklike voornaamwoord gemaak. Skryf die sin oor, verbeter die fout en onderstreep die verandering wat jy aangebring het. 3 Foute wat leerders in eksamenvrae oor voornaamwoorde begaan: • Leerders wat nie die begrippe leer nie, raak verward in die eksamen.
--	---

AKTIWITEIT Beantwoord die onderstaande vrae wat soortgelyk is aan die eksamenvrae wat in die NSS-Vraestel 1 van 2015 tot 2019 gestel is, in jou werkboek.	Gee die korrekte vorm van die voornaamwoord in die sin: Dis iets wat jy oor bekommerd is. Benoem die onderstreepte woord volledig ten opsigte van die woordsoort waartoe dit behoort. <u>Dit</u> is geskik vir alle veltipes en –toestande Vervang die onderstreepte woorde met 'n enkele voornaamwoord wat in die sin pas. <u>Vir wat</u> moet 'n Viking sulke snert leer, Helga? Gee die korrekte vorm van die voornaamwoord in onderstaande sin: <i>Dit bied jou meer drama as wat jou skoonma van kan droom.</i> Skryf 'n besitlike vnw. uit onderstaande sin neer. “Ek is net lank genoeg om oor ons heining te kyk hoe Sue in hulle agtertuin tan.” Benoem die onderstreepte voornaamwoord in die onderstaande sin: Hulle weet van <u>mekaar</u> se wêrelde en deel daarin. Vervang die onderstreepte woord in die onderstaande sin met die korrekte voornaamwoord: <i>Kakkerlakmelk is ryk aan proteïene, vet, suiker en <u>kakkerlakmelk</u> verskaf energie.</i> Voltooi die sin met die korrekte voornaamwoord en benoem die voornaamwoord: Sy is ... op wie jy kan staatmaak. In die onderstaande sin is 'n opsetlike fout met 'n betreklike voornaamwoord gemaak. Skryf die sin oor, verbeter die fout en onderstreep die verandering wat jy aangebring het. Wat is fout met dit? Vul die ontbrekende persoonlike voornaamwoord in. Jy sal (...) gate uit geniet! Kies die korrekte voornaamwoord tussen hakies: ... en ook die omgewing (waarin/waarop) hul leef, verbeter.
--	---